Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

# REKENINGKUNDE V1
# FINANSIËLE VERSLAGDOENING EN EVALUERING

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend ŉ formuleblad en ŉ antwoordeboek van 11 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. ŉ FORMULEBLAD met Finansiële Aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. ŉ Uiteensetting van die vrae word voorsien Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| 1 | Korporatiewe bestuur en ouditverslag | 15 | 10 |
| 2 | Staat van omvattende inkomste | 30 | 25 |
| 3 | Staat van Finansiële Posisie en aandelekapitaal-nota | 30 | 25 |
| 4 | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 40 | 35 |
| 5 | Vertolking van Maatskappy-inligting | 35 | 25 |
| | **TOTAAL:** | **150** | **120** |

## VRAAG 1: KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDITVERSLAG

**(15 punte; 10 minute)**

1.1 Kies ŉ verduideliking in KOLOM B wat by `n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | King Kode | A | Impak van bedryfsaktiwiteite op die wins, sowel as die uitwerking op die omgewing en sosiale kwessies |
| 1.1.2 | Drievoudige-slotreël | B | Verduidelik die prestasie van die onderneming en die belangrikste besluite wat geneem is |
| 1.1.3 | Direkteursverslag | C | Hersien en monitor die fooiebeleid om te verseker dat dit billik is |
| 1.1.4 | Vergoedingskomitee | D | Hierin word die etiese en effektiewe leierskap van maatskappye uiteengesit |

(4 x 1) (4)

1.2 **OUDITVERSLAG**

ŉ Uittreksel van die Ouditverslag van More Beperk word voorsien.

**GEVRA:**

1.2.1 Waar, waarom en wanneer word verwag dat hierdie ouditverslag aangebied word? (3)

1.2.2 Verskaf TWEE punte waarom die onafhanklike ouditeure na bladsye 12–30 van die Jaarverslag verwys. (4)

1.2.3 Verduidelik TWEE punte oor die impak van hierdie verslag op die maatskappy. (4)

**INLIGTING:**

**Uittreksels van die Ouditverslag:**

> **Aan aandeelhouers:**
> Ons het die finansiële state soos op bladsy 12–30 uiteengesit, geouditeer …
>
> **Opinie:**
> Ons kon nie voldoende ouditbewyse verkry oor belangrike aangeleenthede wat in die paragraaf "basis vir mening" geïdentifiseer en beskryf is nie; as sodanig kan ons nie ŉ mening oor die betroubaarheid van die finansiële state uitspreek nie.

**15**

## VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (30 punte; 25 minute)

Die volgende inligting het betrekking op Stad Handelaars Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2020.

**GEVRA:**

Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2020. (30)

**INLIGTING**

A **Uittreksel van Voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2020.**

| | |
|---|---|
| Verkope | 6 720 000 |
| Huur-inkomste | 153 120 |
| Direkteursfooie | ? |
| Salarisse en lone | 812 000 |
| Werkgewersbydrae | 22 080 |
| Advertensies | 11 650 |
| Ouditfooie | 120 000 |
| Waardevermindering | 340 000 |
| Diverse uitgawes | 432 110 |

B Die Huurinkomste vir Julie 2020 is reeds ontvang. Let daarop dat die maandelikse huur met 8% p.j. effektief vanaf 1 Mei 2020 verminder is.

C Die maatskappy het drie direkteure. Twee van die direkteure ontvang 'n jaarlikse fooi van R192 000 elk. Die derde direkteur ontvang 10% minder as die ander direkteure. Al drie direkteure het die volle bedrag vir die jaar ontvang en die boekhouer het die bedrag verkeerdelik in die salaris- en lonerekening aangeteken.
Die derde direkteur het egter besluit om te bedank en dit is op 30 Mei 2020 goedgekeur. Hy het belowe om die fooie wat hy ontvang het, terug te gee vir die tydperk wat hy nie die maatskappy sou dien nie.

D Een werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Junie 2020 terwyl sy met kraamverlof was, weggelaat. Haar salaris is soos volg:

| Aftrekkings | | Werkgewersbydrae | Netto Salaris |
|---|---|---|---|
| LBS | Mediesefonds | Mediesefonds | |
| 2 050 | 970 | 1 920 | 6 700 |

E Advertensies sluit 'n bedrag van R7 500 uit wat betaal is vir die periode 1 Mei tot 30 September 2020. 'n Vaste koers word maandeliks toegepas.

F Rente op belegging is ontvang en aangeteken. Dit is die balanserende syfer.

G Leningstaat ontvang toon rente gekapitaliseer van R36 000.

H Inkomstebelasting beloop R272 700. Dit is 30% van die netto wins.

**30**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN AANDELEKAPITAAL-NOTA
**(30 punte; 25 minute)**

**BABI BPK.:**

Die inligting voorsien is vir die jaar geëindig op 31 Augustus 2020.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die Gewone Aandelekapitaal-Nota. (9)

3.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 31 Augustus 2020. (21)

**INLIGTING:**

A. **Die volgende is op 31 Augustus 2020 uit die rekords gehaal.**

| | |
|---|---:|
| Vaste Bates (drawaarde) | R8 121 090 |
| Vaste Deposto: Zako Bank | 830 200 |
| Voorrade **(verwys na Inligting C)** | **?** |
| Handels en ander ontvangbares (balanserende syfer) | **?** |
| Bank (gunstig) | 864 800 |
| Wisselgeld | 3 000 |
| SAID Inkomstebelasting (Voorlopige belasting) | 560 000 |
| Gewone Aandelekapitaal | **?** |
| Behoue Inkomste | 14 960 |
| Lening: Tambo Bank | ? |
| Handels en ander betaalbares | 463 840 |

B. **Aandelekapitaal en dividende:**

- Gemagtigde aandele bestaan uit 3 000 000 aandele.
- Op 1 September 2019 is 1 800 000 aandele in uitreik.
- Op 1 Julie 2020 het die maatskappy 120 000 aandele teen R7,20 elk teruggekoop, dit is 20% bo die gemiddelde aandeleprys. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- 20% van die onuitgereikte aandele op 1 September 2019 is teen R6,60 per aandeel op 25 Augustus 2020 uitgereik.
- ŉ Finale dividend van 22 sent per aandeel is op 31 August 2020 verklaar.

C. **Voorrade**:
Die onderneming verkoop satellietdekodeerders.

Eindvoorraad van 1 260 eenhede moet volgens die eerste-in-eerste-uit-metode gewaardeer word. Twee groepe voorraad is gedurende die jaar aangekoop. Daar was geen vermiste items nie.

| | AANTAL EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID | TOTALE KOSTE R |
|---|:---:|:---:|---:|
| Beginvoorraad | 1 500 | R1 600 | 2 400 000 |
| Aankope: | | | |
| Groep 1 (Nov. 2019) | 1 800 | R1 750 | 3 150 000 |
| Groep 2 (Junie 2020) | 1 200 | R1 950 | 2 340 000 |

D. **Leningstaat van Tambo Bank**

| | |
|---|---|
| Saldo 1 September 2019 | 1 840 000 |
| Rente gekapitaliseer vir die jaar | 130 800 |
| Jaarlikse terugbetaling (rente ingesluit) | 307 200 |

Die kapitaalgedeelte vir die terugbetaling van die lening in die volgende finansiële jaar bly dieselfde as die huidige finansiële jaar.

E. Bedrag verskuldig aan SAID op 31 Augustus 2020 is ʼn balanserende syfer.

**30**

## VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT, FINANSIËLE AANWYSERS

**(40 punte, 35 minute)**

### 4.1 BEGRIPPE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 % bedryfsuitgawes op verkope is 'n finansiële aanwyser vir die beheer oor verkope.

4.1.2 Bedryfsaktiwiteite verwys na alle aktiwiteite in 'n onderneming wat verband hou met die bestuur en administrasie van die onderneming om wins te maak.

4.1.3 Aandeelhouers vir dividende verwys na dividende betaal aan aandeelhouers van die maatskappy, aan die einde van die finansiële jaar. (3)

### 4.2 WILD COST BPK.

Die inligting voorsien is vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2020.

**GEVRA:**

4.2.1 Voltooi die nota vir KONTANT UIT BEDRYWIGHEDE GEGENEREER. (9)

4.2.2 Stel die KONTANTGEVOLGE UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE-afdeling van die Kontantvloeistaat op. (7)

4.2.3 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:
- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (7)
- Opbrengs op vaste bates verkoop (4)

4.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 29 Februarie 2020:
- % Opbrengs op gemiddelde Aandeelhouersbelang (4)
- Netto batewaarde per aandeel (2)

**INLIGTING:**

A. **Uittreksel van Inkomstestaat op 29 Februarie 2020.**

| | |
|---|---|
| Koste van verkope | R5 468 750 |
| Waardevermindering | 390 000 |
| Rente uitgawe | 452 000 |
| Inkomstebelasting | 420 000 |
| Netto wins na belasting | 980 000 |

B. **Uittreksel van Balansstaat op 29 Februarie 2020.**

| | 2020 | 2019 |
|---|---|---|
| Vaste bates | 12 750 000 | 13 995 000 |
| Handels en ander ontvangbares (Nota 1) | 305 800 | 401 500 |
| Aandeelhouersbelang | 11 161 200 | 13 168 000 |
| Behoue inkomste | 1 700 700 | 1 239 200 |
| Gewone aandelekapitaal | 9 460 500 | 11 925 000 |
| Lening: J.J. Bank | 3 850 000 | 3 080 000 |
| Handels en ander betaalbares (Nota 2) | 640 800 | 1 173 000 |

**Nota 1:**

| **Handels en ander ontvangbares** | **2020** | **2019** |
|---|---|---|
| Debiteurekontrole | 292 400 | 332 200 |
| SAID (Inkomstebelasting) | - | 69 300 |
| Opgelope inkomste | 13 400 | - |
| | 305 800 | 401 500 |

**Nota 2:**

| **Handels en ander betaalbares** | **2020** | **2019** |
|---|---|---|
| Krediteurekontrole | 621 000 | 963 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 19 800 | |
| Aandeelhouers vir dividende | ? | 210 000 |
| | 640 800 | 1 173 000 |

D. **Vaste bates:**

Vaste bates is teen drawaarde verkoop.
Daar is geen addisionele vaste bates aangekoop nie.

E. **Aandelekapitaal en dividende:**

- Gemagtigde aandelekapitaal: 2 500 000 gewone aandele.
- 1 Maart 2019: 60% van die aandele is in uitreik.
- 1 Junie 2019: R397 500 is ontvang vir 50 000 addisionele aandele uitgereik.
- 30 Augustus 2019: 360 000 aandele is teruggekoop teen R162 000 bo die gemiddelde aandeelprys van R7,95.
- Interim dividende is gedurende die jaar betaal.
- Op 29 Februarie 2020 is ŉ finale dividend van R130 900 op 1 190 000 aandele verklaar.

**40**

## VRAAG 5: VERTOLKING VAN MAATSKAPPY-INLIGTING

**(35 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van finansiële inligting van twee maatskappye wat in dieselfde industrie en van dieselfde grootte is, vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

5.1 Vergelyk die likiditeitsposisie van albei maatskappye en lewer kommentaar op die maatskappy wat die korttermynbates meer doeltreffend bestuur. (6)

5.2 Vergelyk die dividenduitbetalings-beleid van elke maatskappy. (4)
Verskaf TWEE moontlike redes waarom een maatskappy besluit het om hul beleid te verander. (4)

5.3 Lock Bpk. het besluit om hul lenings gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog, terwyl Down Bpk. besluit het om hul bestaande lenings te handhaaf. Lewer kommentaar op die besluite van beide maatskappye. Verwys na die graad van risiko en hefboomfinansiering. (8)

5.4 'n Aandeelhouer van Down Bpk. is bekommerd oor die daling in die markprys van die aandele. Verduidelik waarom hy so voel.
Verskaf TWEE punte. (4)

5.5 M. Mtolo besit 576 000 aandele in Down Bpk. wat 48% van die totale uitgereikte aandele uitmaak. Hy wil nog 25 000 aandele koop.

5.5.1 Doen 'n berekening om aan te toon hoe dit sy % aandeelhouding in die maatskappy sal verander. (5)

5.5.2 Verskaf TWEE redes waarom jy dink hy spesifiek belangstel om sy aandeelhouding in Down Bpk. te verhoog. (4)

**INLIGTING:**

| | **LOCK BPK.** | | **DOWN BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2020** | **2019** | **2020** | **2019** |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,9 : 1 | 2,1 : 1 | 3,6 : 1 | 2,8 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,3 : 1 | 1,4 : 1 | 1,5 : 1 | 1,5 : 1 |
| Dividende per aandeel | 45 sent | 65 sent | 60 sent | 62 sent |
| Verdienste per aandeel | 86 sent | 80 sent | 70 sent | 72 sent |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 13% | 11% | 11,6% | 12% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 15% | 12% | 11,7% | 13% |
| Skuld/ekwiteitsverhouding | 0,6 : 1 | 0,3 : 1 | 0,4 : 1 | 0,4 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | 642 sent | 630 sent | 610 sent | 618 sent |
| Markprys per aandeel | 645 sent | 622 sent | 582 sent | 615 sent |
| Rentekoers op lenings | 13% | | 13% | |

**35**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates**:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad)**:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar ŉ verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ŉ finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou